

10 April

Skrifgedeelte: Levitikus 24:10-16
Fokusgedeelte: Levitikus 24:16; 5:1
HK, Vraag 100

**Die onttering van God se Naam moet teëgestaan word, want dit is 'n
gruwel voor Hom**

Hoewel ons nie meer soos in die Ou-Testamentiese tyd iemand wat God se Naam laster met klippe doodgooi nie, bly dit steeds vir God 'n gruwel. Ons glo en bely (HK 36:100) dat die lastering van God se Naam sover moontlik teëgegaan en verbied moet word.

Die misbruik van God se Naam (as stopwoorde, kragwoorde en uitroepe van verbasing, woede, ens.) in gesprekke, fliëks en TV-programme het sulke afmetings aangeneem dat dit godslasterlik is. As jy dit nie teëstaan nie is jy mede-aandadig aan die misbruik van God se Naam!

Die sukses van 'n fliëk of TV-program word bepaal deur hoeveel mense daarna kyk. Indien alle Christene sou saamstaan en ophou om te kyk na fliëks en TV-programme waarin God se Naam misbruik word kan dit 'n groot invloed hê. Kom ons vermy daarom daardie fliëks en TV-programme en weier om enigsins verder aan die misbruik van ons Here se Naam deel te hê! Kom ons gaan ook die misbruik van God se Naam in gesprekke teë.

Waarom gebeur dit egter nie? Moontlik is die offer wat gebring moet word net te groot: daardie vriendskap wat jy kan inboet of die TV-program of fliëk waarna jy tog so graag wil kyk. Onthou egter hoe groot die offer is wat God vir jou gebring het: sy eie Seun aan die kruis! Hoe kan 'n mens daarop wil antwoord deur mee te doen aan iets wat vir God so 'n groot gruwel is?!

Sing: Psalm 66:1 (2001-omdigting) Ds. JL van der Schyff (Burgersdorp)

~~~~~